PRO CHRISTO ET ECCLESIA
CE
NED GEREF KERK

**LEUSE:**
„Vir Christus en die Kerk."

**DOEL:**
Die Jeug te beïnvloed tot 'n ernstige en praktiese christelike Lewe.

<u>Ges. 2:1 & 3.</u>

<u>Oggendgodsdiens.</u>

<u>S.A.U.K.</u>

Berrange P.H.
Bus 13,
<u>Germiston.</u>

(31 Jan. 1946)

Ps. 90 : 1-12. (1½ min).

Raatjie (7-8 min.):

Uit die ou tyd stam daar 'n gesegde wat lui: „Vier dinge kom nooit weer terug nie: die gesproke woord, die geskote pyl, die vervloë tyd, — die verlore geleentheid."

Onwillekeurig word die waarheid van hierdie gesegde ons aan ons opgedring deur die besef: dis die laaste dag van ~~Januarie~~ hd. maand. Die eerste maand v.d. jaar is verby! Hoe vinnig en gou vlieg die tyd tog heen! Dis asof die nuwe jaar sommer nog gister begin het toe ons mekaar die môre so hartlik geluk gewens het m.d. woorde: 'n Geseënde Nuwejaar! § En ek wonder of ons al ooit daaraan gedink het: dis nie die baie dae of die lang weke wat dit so gou laat verbygaan het nie - dis die klein minute en sekondes wat ons nie getel het nie - wat so ongemerk verbygegly het!

En met elke sekonde — elke uur — elke dag — ja ook m. hd. maand het nie alleen die tyd verwyl nie, maar ook d. geleenthede so ongemerk verbygegaan!

PRO CHRISTO ET ECCLESIA
CE
NED GEREF KERK

**LEUSE:**
„ Vir Christus en die Kerk."

**DOEL:**
Die Jeug te beïnvloed tot 'n ernstige en praktiese christelike Lewe.

En soos die tyd kosbaar is omdat dit nooit weer terugkeer nie so ook ons geleenthede –

Met die water wat verby is
Sal jou meule nooit weer maal
Uit d. assies van jou vuurherd,
Sal jy nooit geen vuur weer haal.

'n Paar ~~Sommige~~ mense besef hd. waarheid baie vroeg in hulle lewens en maak so die beste gebruik van hulle kanse: sommige om hulleself te bevoordeel en ander om hulle medemens te dien. Hd. groepie is egter baie klein.

Baie mense weer besef hd. whd. nooit – vir hulle is die lewe een lang spel en plesier: of hulle hulle geleenthede gebruik of nie, maak aan hulle geen verskil nie. Omdat tyd vir hulle niks beteken nie, laat hulle hulle kanse ook verlore gaan. Hulle hele lewe word geteken in die woorde: „In die môre is hulle soos die gras wat weer uitspruit – in d. môre bloei dit en spruit weer uit; in die aand sny 'n mens dit af .. en dit verdor."

PRO CHRISTO ET ECCLESIA
CE
NED GEREF KERK

**LEUSE:**
„ Vir Christus en die Kerk."

**DOEL:**
Die Jeug te beïnvloed tot 'n ernstige en praktiese christelike Lewe.

Die meeste van ons egter, leer hd. sefhd v.d. waarde van tyd en van ons geleenthede eers nadat ons deur skade en skande wys geword het. Dit is eers wanneer jy soos 'n Moses besef hoe die tyd vlieg – en hoe jou oop deure van geleentheid toegaan – en jy tot die besef kom hoe min jy dit reg gebruik – dat jy kan bid: „Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom".

Hd. gebed is baie nodig vir ons tyd, vir onsself, vir hd. dag. In hd. tyd v.d. skaarste v. baie dinge word ons gedurig herinner a.d. deug v. spaarsd – en tereg. Mr. het ons al ooit daaraan gedink dat d. regte gebruik v. ons tyd, goeie oorleg m. ons kanse soos d. huisvrou se goeie oorleg m. haar kos – dat dit alles deel vorm van 'n gesonde spaarsin in ons geest. lewe?

Nou kom die vr.: Hoe sal ons d. gebed v. Moses: „Leer ..." waar maak in ons eie lewe?

PRO CHRISTO ET ECCLESIA
CE
NED GEREF KERK

LEUSE:
„ Vir Christus en die Kerk."
DOEL:
Die Jeug te beïnvloed tot 'n ernstige en praktiese christelike Lewe.

Baie mense, as hulle gewaar hulle so van en dan bietjie te veel pla, neem 'n besluit om van dié oomblik hulle tyd en kanse reg te gebruik. ~~Dit hou 'n paar~~ Dan sit hulle baie ywerig af soos 'n Kar wat wegtrek @ 60 m.p.u. om die besluit uit te voer — maar nie te lank nie of die enjin is uitgebrand! — En d. besluit is afbeen!

Ander weer probeer hulleself dwing deur te sê: Ek <u>wil</u> en ek <u>sal!</u> Hier en daar kry een dit reg — maar die meeste faal: want d. mens se wil is nie sterk genoeg om hom dit te laat uitvoer nie!

Daar bly gelukkig oor 'n baie beter en uitnemender weg wat ons gewys word deur Een wat elke minuut reg gebruik het mr. nooit gejaag was nie; Een wat elke geleentheid ten volle aangegryp ~~gebruik~~ het sonder om ooit Homself te bevoordeel — Jesus Christus. Drie dinge leer ons v/m uit Sy vol ryk lewe:

① <u>My lewe</u> — dus ook my tyd en my geleenthede — is nie myne. mr behoort aan

PRO CHRISTO ET ECCLESIA
NED GEREF KERK

**LEUSE:**
„Vir Christus en die Kerk."

**DOEL:**
Die Jeug te beïnvloed tot 'n ernstige en praktiese christelike Lewe.

God. Dis 'n gawe van God wat gegee is nie om te vermors nie, mr. om te gebruik!

② Ek is d. rentmeester van God – ook v.d. tyd en geleenthede wat Hy aan my skenk. En omdat ek eendag d.w. rekenskap aan Hom sal moet gee, moet ek van Hom leer hoe om dit te gebruik!

③ My m/mens het my nodig. ook my tyd & my talent – en ek kan eers dan ware geluk vind wanneer ek leer om my lewe te stel in diens v my naaste..

Dit was d. grondslag v. Xtus se lewe – en daarom kan Hy aan ons gee wat ons ontvang het.

Laat ons dan in h.d. môre nie net 'n blink besluit n.a. oomblik neem om ons tyd & talente nie te mors nie – laat ons nie net harde koue wils-besluite neem om dit uit te voer nie: mr laat ons eers gaan sit a.d. voete v.d. groot Leermeester om van Hom te bid: „Heer . . ."

PRO CHRISTO ET ECCLESIA
CE
NED GEREF KERK

**LEUSE :**
„ Vir Christus en die Kerk."

**DOEL :**
Die Jeug te beïnvloed tot 'n ernstige en praktiese christelike Lewe.

Eers dan wanneer ons ons lewes elke dag opnuut in Sy hand stel sal Hy ons leer hoe om ons God-gegewe gawes ~~in~~ reg te gebruik:

Dan sal die tyd ons <u>nie verveel</u> nie — en ook <u>nie oorval</u> nie; dan sal elke <u>kans</u> 'n <u>Godgegewe geleentheid</u> word; dan word ons <u>geringste dagwerk</u> <u>engelewerk</u>; dan leer ons om nie te <u>jaag</u> & te <u>haas</u> nie, maar ook nie om te <u>draai</u> & te <u>drentel</u> nie; // dan besef ons dat <u>elke</u> oomblikkie hoe nietig of gering ookal — wat ons met <u>toegewyde hart</u> & <u>vlytige hand</u> doen — is in Gods oë 'n onsterflike werk!

~~Dan word ons hele lewe 'n vrugbare, dienstbare, gelukkige lewe!~~

„<u>Laat ons bid:</u>"...

PRO CHRISTO ET ECCLESIA

CE

NED GEREF KERK

**LEUSE:**
„ Vir Christus en die Kerk."

**DOEL:**
Die Jeug te beïnvloed tot 'n ernstige en praktiese christelike Lewe.

# Gebed

Ons Dierbare Heer & Meester,

U alleen kan ons leer om ons kennis, ons gawes, ons kragte, ons tyd, reg te bestee. Leer ons dan ook hierdie dag om die beste te maak van al ~~die [illegible]~~ ons geleenthede vir ~~ons diens~~. Leer ons om te doen wat U self sou doen as U in ons plek was vir: om elke werkie, hoe klein of nietig ookal, te doen asof dit [illegible]werk is — asof ons dit doen vir d. Here.

Wees met so baie wat [illegible] nie kan werk nie: siekes in hospitale en huise. Gee krag a. die wat hulle in liefde versorg. Wees m.d. duisende ~~arbeiders & werkers~~ broodwinners in kantore, fabrieke, winkels, op d. spoor & op d. pad. Wees met moeders wat tuis hulle skuurarbeid moet verrig — maak dit vreugdes-arbeid vir elkeen wat U ken.

Hou u hand oor ons kindertjies in hul werk op skool — en bly ons baie naby in hd. dag.

Ons bid dit in U naam.

Amen